


DIE SWART LUIPERD
Nr. 66
Seun van die Swart Luiperd
MEIRING FOUCHE

Met wilde swaai slinger Tjambo die stuk riem van hom weg en hy storm by die hut uit, gevolg deur die Swart Luiperd en die krygers. Buite die hut het 'n menigte vergader. Met lang hale en met kragtige bewegings van sy lang arms om die inboorlinge uit die pad te stoot, vleg Tjambo tussen hulle deur. Die Luiperdman bly op sy hakke. Hulle haas hulle oor die binneplein waar die vure nou weer groot brand.

Tjambo bereik die twee stil swart figure daar op die binneplein eerste. Toe hy by die eerste een gaan hurk, toe is die Luiperdman by hom. Tjambo gryp die figuur aan sy skouers, ruk en pluk hom soos 'n waansinnige. Die Swart Luiperd kom by en hy sien onmiddellik waarmee hulle hier te doen het. Hulle het hier te doen met die oulikste en die mees geslepe stuk vermomming wat hy nog gesien het.

Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063



# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Bennie gaan Jag | 3 |
| 2. | Wit Vlekke in die Donker | 11 |
| 3. | Magteloos | 20 |
| 4. | Twee Reuse-gorillas | 27 |
| 5. | Nog 'n Offerande | 34 |
| 6. | Na die Slange! | 42 |
| 7. | Die Tempel | 51 |
| 8. | Op die Spoor | 59 |
| 9. | Grot teen die Krans | 66 |
| 10. | Juwele vir 'n Rampokker | 72 |


## Hoofstuk 1

## BENNIE GAAN JAG

Dit is net voor sononder en die berge van die oerwoud het reeds 'n diep purper kleur aangeneem. Die geel sonlig huiwer nog vir laas in die digte boomtoppe en die nagdiere maak hulle gereed vir hul nagrus.

Die seekoegat hier in die woud is diep, stil en koel. Dit word ingesluit deur kolossale oerwoudreuse en pragtige varings wat groen en welig aan die waterkant groei.

Die seekoegat word gevoed deur 'n helder bergstroom, koud en suiwer, wat hier 'n klein waterval maak voordat dit in die seekoegat stort waar helderkleurige visse in die dieptes sigbaar is as 'n mens noukeurig daarna kyk.

'n Aantal ape en 'n paar bont papegaaie kyk nuuskierig af na die gat want dit is vandag nie so stil as wat dit gewoonlik is nie. Daar is 'n hele beroering in die helder water. Daar word geplas, gewerskaf, gelag en gepraat. Miskien verwonder die ape en die papegaaie hul veral aan die groot man met sy bruin liggaam wat so heerlik in die water te kere gaan. Hy swem met die behendigheid van 'n vis self en met die vreugde van 'n vlakvark wat hom in die modder baai. Een oomblik is sy donker kop bo die water sigbaar, dan verdwyn hy weer om 'n paar oomblikke daarna blinkend, proesend en laggend op die oppervlakte te verskyn.

Leon Fouché, wat beter bekend is as die Swart Luiperd, die Suid-Afrikaner wat gedurig deur die oerwoud swerf, het goeie rede vir hierdie vreugde en vir hierdie lekker kaperjolle in die water. Hy is nie alleen nie. 'n Entjie van hom af baljaar 'n elfjarige seun.

Diegene wat na die twee kyk, sal onmiddellik weet dat die seun iets te doen het met die groot man. Sy hare is ook donker, sy liggaam is ook groot en stewig soos dié van sy vader. Want die seun wat daar so baljaar, is Bennie, seun van die Swart Luiperd.

Die Luiperdman swem vir Bennie by, gryp hom aan die nek, druk hom in die water en sleur hom na die dieptes. Toe los hy hom daar en skiet uit na die oppervlakte. Bennie kom feitlik saam met hom daar uit, maar pleks dat die seun uitasem en proesend bo die water verskyn, glimlag hy vir sy beroemde vader.

„Jy het goeie longe, Bennie," sê die Luiperdman. „Dit kan ek sien. Ons was nou diep onder die water."

Die seun glimlag net want die water is heerlik verfrissend en so veilig. Hier is nie sprake van krokodille of ander ondiere nie. Hier kan 'n mens argeloos die lewe geniet en afsak tot onder op die bodem waar die spoelklippe rond en wit lê.

Die Luiperdman kyk met liefde en bewondering na sy seun. Dit is 'n seun so na sy hart—goed van inbors, liggaamlik sterk en lief vir die oerwoud. Menigmaal het die Oerwoudman al gewonder of sy mantel as oerwoudswerwer op sy seun sou val. Nou bekommer hy hom nie meer daaroor nie. Want hy is seker dat dit die geval sal wees. Sy Bennie sal in sy voetspore deur die oerwoud volg.

Dit is daarom dat hy Bennie saamgebring het op hierdie reis. Hy was nou ses maande op sy plaas in Transvaal om weer 'n slag sy vrou en sy seun te gaan besoek. En toe hy weer vertrek het, toe die roepstem van die oerwoud nog eens vir hom te sterk geword het, kon dit nie hoer of laer nie, Bennie wou saam. Die Swart Luiperd het eindelik ingewillig en sy seun met hom saamgebring op hierdie reis.

Omdat dit so is, voel die Luiperdman 'n ekstra verantwoordelikheid. Hierdie kind is soos die appel van sy oog, soos die punt van sy hart. Niks mag ooit met hom gebeur nie. Daarom hou die Luiperdman op hierdie toer sy oë oop en sy gees wakker.

'n Oomblik kyk hy op na waar sy twee mak jagluiperds, Simson en Spikkels, op 'n plat rots lê en die manewales onder in die seekoegat betrag. Die twee lyk ook dood op hul gemak, hoewel dit voorkom asof die manewales van hul baas en hul kleinbaas hulle effens verveel. Hulle sou dit verkies het om agter wild aan te gaan. Hoewel hy buite sig is, is die Luiperdman se groot swart hings, ou Donker, ook in die gelid. Hy wei 'n entjie van die seekoegat af op die malse gras wat hier gespruit het na die eerste reens.

Hierdie keer hét die Luiperdman geen bepaalde doel met sy reis deur die oerwoud nie. Daar is nie iets waarna hy soek of 'n probleem wat hy moet oplos nie. Dit is maar net 'n reis ter wille van die reis self. 'n Reis om aan Bennie meer ondervinding te besorg, om hom vertroud te maak met die wee van die oerwoud en die gevare daarvan. Daarom dat die Luiperdman feitlik sonder besef van tyd hier in die water rondluier. Dan swem hy, dan duik hy en





dan dryf hy weer net op die oppervlakte.

Hy kyk 'n bietjie verbaas toe hy sien dat Bennie uit die water klim.

„En nou," vra hy.

„Ek dink ek het genoeg geswem, Vader," sê Bennie. „Ek gaan 'n bietjie rondkyk. Ek kan nie genoeg kry van hierdie pragtige papegaaie wat oral rondfladder nie. Buitendien, ek dink ek wil vir ons 'n voel skiet vir die pot vanaand."

„Nou goed," sê die Luiperdman. „Maar wees versigtig, Bennie. Jy gaan nie ver hier van die seekoegat af nie, verstaan jy? Hou jou oe oop, man."

„Ek sal," sê die seun en glimlag vir sy vader. Hy kyk af na die groot man en die rots en bewondering bruis deur sy jong hart. Dit is 'n voorreg, dink hy in sy kindergemoed, om so 'n man vir 'n vader te hê.

Die Swart Luiperd kyk weer op sy beurt bewonderend na sy seun. Hy is dankbaar dat die Voorsienigheid aan hom so 'n seun gegee het. Die kind is bruin gebrand en hy lyk soos 'n jong kragvors. Die water skitter op sy bruin liggaam en sy bene is sterk gebou. Sy skouers is al verbasend breed vir 'n seun van sy ouderdom.

„Ek is nou terug, Vader," roep Bennie en wuif vir die Luiperdman.

Die Swart Luiperd wuif terug en hy sien sy seun verdwyn agter 'n groot groen varing op. Toe dryf hy op sy rug hier in die water en hy mymer oor die toekoms. Hy sal van sy Bennie 'n voortreflike oerwoudman maak, net soos hy self is. Hy kan nou al sien dat Bennie ook 'n kind van die natuur is wat daarin behae skep om te swerf en om die ongerepte stilte van die oerwoud te waardeer.

Bennie Fouché gaan na die klein kamp waar hy en sy vader hulle tuisgemaak het. Eintlik is dit nie 'n kamp nie want die behoeftes van die Swart Luiperd is eenvoudig soos dit 'n kind van die natuur betaam. Al wat daar is, is die Luiperdman se groot saal, toom, twee slaapsakke, pyle en boë, twee groot saalsakke en 'n paar ander goedjies. Bennie verklee hom in die kortbroek van luiperdvel wat sy vader vir hom uit die oerwoud saamgebring het. Dit is 'n oulike broek wat mooi pas by sy bruin liggaam. 'n Bree

band van luiperdvel loop van die broek af op oor Bennie se regterskouer sodat hy daarin vertoon soos die gewigoptellers van ouds wat so lief daarvoor was om hulle so te klee.

Hy neem die boog en die pyle op wat sy vader spesiaal vir hom laat maak het. Dit is 'n dun, kragtige boog en die snaar daarvan is van duursame sening gemaak. Hy neem ook sy pylekoker wat 'n vernuftige swarte uit seekoeivel gemaak het en wat sy vader ook vir hom saamgebring het van een van sy omswerwinge af.

Aldus bewapen beweeg Bennie die bome binne. Hy gaan eers staan en snuif die helder lug op. Die atmosfeer van die oerwoud besiel hom net soos dit sy vader besiel. Dit wek in hom 'n vreemde opwinding en die vooruitsig van avontuur. Hy kyk op na die babbelende papegaaie en na die sketterende ape wat die indruk gee dat hulle met hom gesels. Hy glimlag vir hulle en hy bekyk hulle met aandag. Veral kyk hy na die pragtige veelkleurigheid van die papegaaie.

Toe spring hy die bome dieper binne. Hy hou sy oe oop want hy voel lus vir 'n gebraaide voel vanaand. 'n Oerwoudtarentaal of miskien een van die groot grys kartels, of miskien 'n gepluimde fisant. Hy is lus om weer 'n slag sy pyl en boog te gebruik. Hy voel daaroor net soos 'n seun in die beskawing daaroor sou voel oor 'n nuwe geweer.

Hy dink aan die woorde van sy vader dat hy nie te ver moet wegdwaal nie. Hy weet goed genoeg dat hy daarvoor versigtig moet wees. Hy weet nooit wanneer hy dalk op 'n gorilla afkom nie of moontlik op 'n honger luislang, of straks nog op 'n mensvreterleeu. Nie dat dit hom besonder ontstel nie, want sy beroemde vader het hom reeds geleer hoe om met die meeste van hierdie diere te werk te gaan as hy teenoor hulle te staan sou kom. Hy het reeds al 'n skermutseling met 'n jong leeu gehad en onder leiding van sy vader het hy as oorwinnaar uit die stryd gekom, maar as hy voor 'n volgroeide leeu te staan sou kom. . .!

Bennie sidder 'n bietjie toe hy daaraan dink. Of as 'n humeurige gorillamannetjie miskien hier uit die top van die boom voor hom te lande sou kom, dan weet hy nie so mooi nie. . .

Die son het gesak. Die eerste skemer raak die oerwoud aan en hier onder tussen die dik stamme, tussen welige varings en die digte struikgewas verbeel hy hom dat hy in 'n donker tempel is. Hy soek naarstiglik na 'n voel om te skiet. Hy luister na die aandgeluide van die oerwoud. Voels fladder in groot swerms na die toppe toe. Ape maak hulle tuis vir die nag, maar ander diere is besig om te ontwaak.





Met sy skerp oe gewaar Bennie die groot fisant. Die voel spring tussen die bome deur met die seun agterna. So in die hardloop bring hy die pyl aan die snaar en hy laat dit vlieg. Hy hoor dit klap en hy weet hy het getref. Maar meteens sien hy dat hy nie goed genoeg gemik het nie. Die fisantmannetjie slaag daarin om te vlug. Vlieg kan hy nie, dit sien Bennie, maar hy loop so wat hy kan. Skynbaar het hy hom hoog in die vlerk getref.

Met die voortvarendheid van die kind sit Bennie Fouché die gekweste fisant agterna. Hier om 'n boomstam, daar om 'n boomstam. Tussen die boomvarings deur.

Hy is onbewus daarvan dat die nag vinnig oor die oerwoud daal en hy is ook onbewus daarvan dat glurende oe hom deur die struikgewas dophou, dat liggame saam met hom beweeg.

Bloedverlies en uitputting raak vir die fisant eindelik te veel. Met 'n gefladder van vlerke en met 'n benoude geluid glip hy tussen die varings in waar Bennie hom inhaal en hom aan die nek gryp. Met 'n vinnige draaiende beweging breek hy die voel se nek.

Hy glimlag toe hy tussen die varings orent kom want hierdie fisantmannetjie is vet. Hy sal vorentoe smaak as 'n man hom op die kole braai.

Maar die glimlag verdwyn van Bennie se gesig asof iemand dit met sy hand weggestroop het. Die vrolikheid sink weg in sy oe en in die plek daarvan kom skok en angs. Sy jong hart gaan aan die sidder en sy lippe bewe saggies. Sy eerste ingewing is om op sy vader te skreeu, te roep net so hard as wat hy kan. Maar tot sy verbasing en tot verhoging van sy vrees, stol die woorde in sy keel. Hy verbeel hom hy skreeu maar hy hoor geen geluid nie. Niks kom oor sy lippe nie.

Daar kom 'n suising deur sy hoof. Hy probeer dink. Hy soek na 'n kans om te ontsnap maar hy sien dat hy baie dig ingesluit is. Uit die varings, deur die sagte stil toppe van die varings, gluur die duiwelse gesigte hom aan soos monsters uit die onderwêreld. Die kind kyk bewend van die een na die ander. Hy soek na 'n uitweg, maar al wat hy sien, is barbaarse roekeloosheid.

Met die fisant stewig in sy hand vasgeklem, spring hy na die kant van die plant varings. Hy probeer vlug. Met blinde vasberadenheid probeer hy wegkom. Dit is nie ver terug na die kamp toe nie, dit weet hy. En as hy eers net sy vader kan bereik. . .

Maar toe hy die kant van die varings bereik, lê hulle hom voor, kring om hom nader, sluit hom in, en toe weet hy dat daar geen ontsnapkans is nie.

Toe dit begin skemer word het het die Luiperdman met lang, lui hale van sy sterk arms na die kant van die seekoegat geswem. Hy voel verfris en skoon. Hy klouter uit en gaan na sy twee jagluiperds. Hy begin met hulle speel en die twee is maar te gewillig om weer 'n slag met hul groot baas te speel. Hulle rinkink daar oor die groen gras. Hulle bespring die Swart Luiperdman kamma, dan vang hy hulle en slinger hulle van hom af weg. Die twee groot katte geniet dit terdee. So ook die Luiperdman. Hy is lief vir hierdie diere en hy hou daarvan om met hulle te kere te gaan.

Toe hy hom eindelik kom kry, is dit byna donker. Dwarsdeur die rooi skemer het hy met Spikkels en Simson baljaar daar op die gras en hy het nie eens opgemerk dat die donker gekom het nie.

Saam met die besef dat dit nie meer skemer is nie, kom daar nog 'n besef tot die Luiperdman.

Sy Bennie is nog nie terug nie. Hy stap na hul klein kampplek langs die rots, nie ver van die seekoegat af nie en hy staan daar rond. Hy het verwag dat Bennie alreeds hier sal wees. Maar daar is geen teken van die seun nie. Dit is nog lig genoeg vir die Luiperdman om te sien dat Bennie sy pyl-en-boog geneem het.

Nou wel, dink hy, die seun het maar 'n draai geloop soos hy gesê het, en hy sal wel later opdaag.

Die Swart Luiperd maak gou hout bymekaar en kom slaan vir hulle 'n vuur aan. Hy hoop so half en half dat Bennie 'n voel sal saambring wat hulle kan braai. Hulle het wel nog die blad van 'n duiker maar hy voel vanaand lus vir iets anders. Die vuur brand hoog en die Luiperdman maak aanstaltes om die duikerblad te braai. Elke keer kyk hy of hy nog nie vir Bennie deur die woud sien kom nie.

Maar die skemer vergaan en die nag tree in. Toe die donker om die stamme toeslaan, staan die Luiperdman op en kyk fronsend na





die donker woud. Hy loop 'n paar tree tot tussen die eerste bome en draai onseker daar rond. Waar sou die seun dan wees? dink hy. Hy het hom gewaarsku om nie te ver te gaan nie, maar 'n kind sal natuurlik altyd maar 'n kind bly.

Na nog 'n rukkie vind die Luiperdman hom genoodsaak om op Bennie te roep. Hy roep een maal hard en toe fluit hy. Hy fluit daardie skerp deurdringende fluit wat hy so goed kan doen en wat so ver hoorbaar is. Dit is die soort fluit waarmee hy altyd vir ou Donker ontbied wanneer hy van sy perd geskei is. Hy wag maar hy kry geen antwoord nie. Dit is toe dat hy voel hoedat die ontsteltenis stadig in sy binneste opstoot.

As Bennie in die nabyheid is, sou hy die fluit beantwoord het.

Weer fluit die Luiperdman. Hierdie keer nog harder. Hy wag op 'n antwoord. Hy spits sy ore, maar die oerwoud swyg. Daar is net die geluid van diere, die bekende geluid van die oerwoud wat vir die nag ontwaak.

Die Swart Luiperd se oe verander. Hy hou net niks hiervan nie. Dit is meteens asof 'n yskoue hand aan sy hart vat en dit styf druk. „Bennie," skreeu hy 'n slag hard met 'n trilling in sy stem, „waar is jy?"

Maar nog eens is daar geen antwoord nie. Die woud swyg en dit lyk vir die Luiperdman meteens so donker en so onheilspellend.

Verbysterd draai hy daar in die rondte. Verbysterd en ontredderd. Hy spring na die kant van die woud. Tuur tussen die bome in maar die woud lyk soos 'n donker spelonk wat sy eie geheime bewaar. Sou die seun dan werklik so ver weggedwaal het? Kragtig en snel klouter die Oerwoudman teen 'n stam op sodat ape wat reeds half aan die slaap is, verskrik padgee en sodat voels wegfladder. Hy haas hom na die hoogste tak. Hy plant sy voete in 'n mik sodat sy lang liggaam bo die kroon van die boom uitstoot.

Toe fluit hy weer hard en luister. Hy skreeu weer 'n slag die naam van Bennie en luister.

Nee, daar is geen antwoord nie. Al antwoord wat hy kry, is die gepiep van 'n klein apie, die protes van papegaaie wat in hul slaap gesteur is en verder weg die diep dreuning van 'n gorillamannetjie wat op sy bors tamboer slaan. En nog verder weg op die vlakte wat hulle vandag oorgesteek het, die gebrul van 'n leeu wat sy wyfies op die jag uitlei.

Die Swart Luiperd se liggaam voel koud en styf daar waar hy staan, 'n pynlike beklemming het van hom meester gemaak. Hy het nog weinig met vrees kennis gemaak want hy vrees niks. Maar hier waar hy nou in die boomkroon staan, weet hy dat hy vrees. Hy het al baie maal die dood hier in die oe gekyk sonder dat hy geweifel het. Maar nou is dit anders. Dit is sy seun wat verdwyn het—sy vlees en bloed, sy Bennie.

Stadig, verwese asof sy liggaam gebreek is, begin hy na benede klouter. Toe hy onder kom op die sagte klam grond waar blaar en tak op die aarde vergaan, luister hy weer, luister hy na die roepstem van sy seun.

Maar dit kom nie. Die enigste waarvan hy bewus is, is 'n dreunende suising in sy ore. . .



Hoofstuk 2

## WIT VLEKKE IN DIE DONKER

Dit is selde dat die Swart Luiperd nie presies weet wat om te doen nie. In die oerwoud het die noodlot hom al dikwels voor 'n byna onmoontlike taak gestel, maar met moed, vindingrykheid en ondervinding het hy nog altyd geweet hoe om enige probleem aan te pak.

Hier waar hy nou staan, voel hy egter totaal planloos en vasgekeer. Dit is reeds nag. Die oerwoud is dig en stil. Dit is asof sy hele brein verlam is want met hierdie soort situasie het hy nog nie te doen gehad nie. Wanneer daar gevaar was, was hý in die gevaar. Nou is sy seun in gevaar en dit is 'n ander saak. 'n Jong seun magteloos in die kloue van die oerwoudnag. Hy, die Luiperdman is nog 'n kind. Het hy met 'n dier deurmekaar geraak? Die Luiperdman word koud toe hy daaraan dink, toe hy dink aan die getrommel van die gorillamannetjie 'n rukkie gelede. Of het die kind hom vasgeloop in die dodelike voue van een van die groot slange in hierdie woud?

Die Luiperdman sluit sy oe 'n oomblik. Hy sidder voor die moontlikheid dat die seun hom miskien vasgeloop het in die strikval van 'n groep wreedaardige inboorlinge.

Die Swart Luiperd is 'n man van die daad. Hy bly nooit lank onaktief nie. Selfs in die grootste gevaar, in die uiterste beklemming werk sy brein vinnig en helder.

Nou vertoef hy ook nie. Hy snel terug na waar die vuur wat hy gemaak het, nou haas dood is. Hy fluit op Donker en die hings kom sonder aarseling terug van sy weiplek af. Hy draf kopskuddend nader, runnik sag en kom steek hier by sy baas vas. Die Swart Luiperd het seker nog nooit so vinnig opgesaal in sy lewe nie. Hy raap en skraap sy paar besittings bymekaar, gryp sy boog en pylekoker op, en toe hy in die saal swaai, is die twee jagluiperds reeds ywerig hier by hom. Spikkels, die wyfie, maak vinnige draaie om Donker en Simson, die mannetjie skiet vooruit tot by die woud en kom dan weer terug. Dit lyk asof hulle aanvoel dat daar iets verkeerd is. Die Swart Luiperd wonder waarom Bennie nie die twee Luiperds met hom saamgeneem het nie, maar toe verstaan